When the first missionaries started to work among an East African tribe they tried to find a fitting indigenous word for the central Biblical concept of God's 'grace'. At last they thought they had succeeded and so a certain word was accepted and introduced as a translation of 'grace'. Only after years, after gaining a better understanding of the language and the culture of the tribe, did the missionaries realize that the accepted and used word actually meant something a son has a *right* to get from his father—just the opposite to the Biblical idea of God's grace.

GIVE US OUR DAILY 'PORRIDGE'

One should be reminded that the question of relevance too is an aspect of theology as translation. An illustration often mentioned at this point is the replacing of 'God's Lamb' with 'God's Baby Seal' in some parts of Greenland. In the areas where there are no sheep and people have no idea of a lamb at all, speaking of 'God's Lamb' would be irrelevant and meaningless. If properly elaborated upon, 'God's Baby Seal' may convey the New Testament idea of 'God's Lamb' to the people in question.

Another example, which at least is true, is the part of the Lord's Prayer for 'daily bread'. In the Church universal terms like 'bread', 'porridge', and 'rice' are employed to convey the idea of the daily necessities of life depending on the local relevance of these terms. Even whole biblical thought—complexes may be more relevant in some parts of the world than in others. As an example we can mention here *one* of the biblical approaches to 'salvation': the 'perfect sacrifice of Christ' as contrasted to the 'manifold of sacrifices' in the Letter to Hebrews. This approach is more relevant in Africa than, say, in Europe. *

HELPER OR PARTNER ?

liberation in feminine perspective 4

LETTY RUSSELL

Like other oppressed groups, women have to liberate themselves in communion with others. The others in this case are men, men who often resist the fact that women no longer wish to receive their identity from their fathers, husbands or children, but to be full persons in their own right. This self-liberating process requires new life styles, new roles and new ways of communicating.

New existence in dialogue is a key factor in learning to be "pro-woman". Women have been enculturated in western society to express horizontal violence against one another as they compete for the favour of men. Because they are taught to devalue themselves, they also devalue other women. This negative attitude toward one another is only increased by the modern nuclear family structure which isolates women from other adult companionship and urges them to view the full-time wife-and-mother-role as the highest fulfilment of her abilities. Existence in dialogue means learning to share world and experience with other women of every race and culture. It means learning to accept them as sisters who share in common alienating experiences which can only be changed through joint political action.

This awareness provides a bridge across which women of all races can dialogue with each other. In spite of the differences of culture and in immediate goals, women need to open up dialogue with one another and to form coalitions which resist the attempts of the oppressive society to enhance horizontal violence and negate all efforts for unity. The recognition that imperialism, racism and sexism are intertwined is essential if dialogue is to lead to building human community.

A Shared World

New existence in dialogue is also a key factor in developing new relations of equality with men. Women continually live with their oppressors. The only hope

for changed attitudes on both sides is a new openness to share ideas and feelings in this situation of "shared world". This in turn calls for an increased awareness that marriage and family are changeable institutions of society and not fixed orders of creation. Many women and men are not ready for these changes, yet they need to begin to be aware of the possibilities of the changing structures of marriage, family and work in such a way that human communication and communion is enhanced.

Certainly human growth on every level depends on new understanding of humanization, new consciousness of the possibilities of liberation, and new opportunities for communication and communion. The search of women who are living within changing institutions and struggling to change those institutions which are dehumanizing, is for true dignity and partnership as full members of the human race. This dignity in no sense denies the need of all people to find fulfilment in mutual service of others. Yet it calls for a new examination of the meaning of that life for others.

Partnership

Perhaps in this regard it would be helpful to all of us if we remember that the story of women's creation as man's *helper* in Genesis 2:18 does not degrade her to servant, but makes her a partner with God who is man's other helper. This word *ezer* in the Old Testament never indicates an inferior who assists, and often refers to Yahweh. For Christians this indicates that servanthood needs a profound re-interpretation so that men and women alike can find themselves free to be a Christ to their neighbour (a servant or minister) without implying any inferiority of either person. Partnership is a possibility for human beings and for human groupings across the world. It is toward the reality of this partnership in human liberation that men and women work as they join God in his Mission of reconciliation. *

the changing situation in christian education:

IS A BIBLE-BASED COURSE UNBIBLICAL?

THE BIBLE STANDS AT THE CENTRE OF A REVOLUTION IN CHRISTIAN EDUCATION CIRCLES. It is not the centrality of the Bible that is in question in this revolution but the way it is used. But revolutions can be disturbing and when new truth penetrates our minds, it can be painful.

In the past, teachers have taught that the best approach to Christian Education was to ensure that lesson guides and other material used were based directly on the Biblical narrative. The result was that most sessions were based directly on a story from the Bible. Recent research throws considerable doubt on this kind of approach and makes us ask whether, if we are really concerned to share the Bible's insights into human life and God's purpose with His people, we can continue to use courses based on this method.

After all, the purpose of instructing young people in the Scriptures is not just that they may know the Scriptures, but that they may have faith in God as He is revealed in the Scriptures. The quantity of Scriptures known is largely irrelevant, for one passage rightly heard and understood, may open the way to faith, while a hundred passages which have no definite meaning for the young person's life may produce only confusion.

Experiences before written record

In approaching the Bible we are looking at the experience of men through the ages. These experiences precede the record which describes the respective happenings and the meanings which the participants drew out of these events. Man's personal experience is the first aspect of the Bible narrative. In his searching and struggling, man finds an answer and records what he has found.

When, therefore, we begin in the sessions with the normal experience of our young people we are simply following the Biblical pattern. Life is the starting point for our experience of God. To begin with the Biblical narrative is to short-circuit the very pattern of education and understanding upon which the Bible itself is based. As someone attempting to put it in a nutshell has said: "The Bible-based course is un-Biblical!"

The approach which sees the task of Christian Education amongst the young as based upon the presentation of the actual biblical narrative has most certainly been brought into serious question. The importance, however, of the Biblical witness to the ways and purposes of God remain at the very centre of this teaching ministry. *It is not, therefore, a matter of whether one is to teach the Bible or not that is at issue,*

but rather an emphasis upon how to make known these great truths to which the Bible witnesses. (In one sense the Bible could be likened to John the Baptist—"Don't look at me; look at Him".)

We neglect at our peril the insights being made available by contemporary investigations in regard to methods used. The great number of young people flowing out of our Churches suggest perhaps that we have in the past been on the wrong track.

Stress on Church or Human lives?

A significant question to ask of oneself is this: "Am I, as educator, trying to make the Bible and the Church relevant or am I trying to help some people discover the meaning of their lives?" Many of those who claim the latter as their purpose are nonetheless still caught up in the former.

The Bible is a most important document, but we have absolutized it and idolized it to such an extent that we assume that mere exposure to its contents will produce beneficial results. Meanwhile the treasure it contains is lost.

In regard to teaching the Bible to children some important and disturbing questions are now being raised. Ronald Goldman, a Senior Lecturer in Educational Psychology at the University of Reading, England, in his book "Readiness for Religion" says:

"The Bible is the major source book of Christianity *for adults*. It is written by adults for adults and is plainly not a children's book. To help children become familiar with it too early is to invite boredom and confusion, and even the most enthusiastic religious educator would not wish for this result to occur. What we must try to do is to help children to encounter the experience of which the Bible speaks at suitable stages of their development. This means a severe pruning of Bible content in the early years, for it is only later that an understanding and appreciation develops of what the Bible has to say."

Father Sloyan, a leading Roman Catholic educator, has pointed out, "The Bible is a book of poetry for sophisticated adults." We could certainly ruin a child's capacity for literature appreciation if we forced Shakespeare, Milton, Auden or Dylan Thomas on him at the first or second grade level.

If life and its meaning is to be our area of concern, as it seems to have been Jesus' concern, perhaps we can get some clues from his teaching ministry. (We do have to read the Bible to find these).

How did Jesus teach?

First of all he was *not a teacher of Scripture* as such. In all of his teaching in Mark's Gospel, for instance, he makes only fourteen Biblical references. He used whatever was at hand to help people face the reality of their lives—sheep, weddings, farming, politics, money, taxes, clothing, wine, building construction, jewels, economics. In fact in all the thirty-six parables, which provided his chief teaching method, he made not a single Scriptural reference.

In his book entitled "Jesus and His Parables" J.A. Findlay says that when we turn to the parables concerning people, "we become aware with what would be a shock, if we were not so accustomed to these stories that we rarely let them play freely about our minds, that we are not hearing so much about prayer, and still less about Church-going, or Sabbath-keeping, or the life of devotion, but rather about losing things and looking for them, about such mundane things as a poor man suddenly coming into money, or a ne'er-do-well son returning home in rags and getting the kind of welcome he got from his people, or the misery of getting the sack from the office and looking for a job, about domestic difficulties and the law's delays, or the kindly stranger who is always ready to give first-aid when there is an accident on the roads, while the churlish fellow next door will not even bother to get up out of bed to help a friend in difficulty."

Both James Stewart in his "The Life and Teaching of Jesus Christ" and Douglas Hubery in his "The Teaching Methods of Jesus" remind us "that much of Christ's profoundest teaching was elicited by quite casual incidents and events. The *real experience*, the life situation, whether it was the presence of members of His family on the edge of the crowd, or a lame man being healed, or a storm suddenly blown up on the Galilean Lake, became the opportunities Jesus took in order to teach His disciples something of the inner significance of things".

Furthermore, his teaching was *dialogic*. He engaged people in conversation. There is little evidence that he preached many sermons as such. Even the so-called Sermon on the Mount has been identified by scholars as a series of disconnected sayings from different occasions that Matthew strung together in this way since the original contexts had been lost. Rather he talked with people about things that were binding them, and he paid careful heed to their responses. Here was no teacher of abstract concepts, nor of mere polite conversation. **HERE WAS ONE WHO CHALLENGED MEN TO FACE THEMSELVES AND THE MEANING AND VALUES OF THEIR LIVES.** The emphasis was on each individual's search and journey. *

Adapted from the Confirmation Notebook produced by J.E.D. (Joint Education Development) of the education departments of the Churches participating in the Church Unity Commission.

SKOLLIE

As djulle rie donker straat afkom
in julle sien vir my,
dan loep djulle vêrlangs om
want djulle is bang vir my ...

Vi my
moet my keppie bokant my oë
vi my
moet my broek wat op my stêre hang.

Innie girls
as hulle verby loep moet
hulle bellbottims en hulle hotpants;
en hulle miniskirts ...

en ek sê, Hallo There en smile
dan sê hulle
Voetjek!
Hoe moet ekke voel?
Is ek dannie mens nie?
Dis nou my reward vir 'n compliment.

Dissie keer wat ek my GOANY uitruk
van stainless steel
en slice net waar ek kan.
Verskoon my tog,
miskien was ek te gou.
Ek soek maar net 'n bietjie Love
en understanding please ...

Te laat, hier kom die POLICEVAN!
Gly manne daa swai oubaas!
STAAN julle D ... STAAN ...
of ek skiet!

Howard Eybers

MODERNE AFRIKANERIDENTITEIT

en die onmoontlikheid van

AFRIKANERNASIONALISME

(slot)

Jan Loubser

Ek wil my nou wend tot die ontleding van enkele kenmerke van die Afrikaner as moderne mens. Hoewel daar 'n groot persentasie Afrikaners is wat wel die kenmerke van die moderne mens het, is die doelwit hier nie om 'n beskrywing te gee van 'n realiteit wat reeds bestaan nie. Dis iets waarna 'n mens moet strewen en sodanig moet ons dit sien as 'n idee of 'n gedagtestelsel, wat teenoor die standpunt dat die Afrikaner moet strewen om sekere kenmerke van die verlede te handhaaf, gestel moet word. Die oriëntasie is nie na die verlede nie, maar na die hede en die toekoms. Die moderne Afrikaner kan nie opgaan in die geslotenheid van 'n vergange identiteit nie; hy sien die demoniese in 'n kunsmatige volkseenheid en besef dat dit alleen kan lei tot Van Wyk Louw se „Inferno” van die sterre wat sal uitvlug uit die „geselligheid van melkweg en van ligte lig” en „uitreik na die duisternis wat buite lê en wrokkend nog opstandig teen die saam-wees is:”

dat die groot koordans wat hulle dans
traer sal word, tót hulle staan,
en soos groot slakke weg sal sleep
na koue hoeke uit die baan

en daar, onmeeklik uitgewyk,
elkeen sy eie grou gebied
met dowwe gloed en eensaam haat
in selfgenoegsaamheid besit.

ONS MOET SAAMLEWE

Watter kenmerke moet die moderne Afrikaner besit wat nie bevrees is om saam te wees en in die „ligte lig” te lewe nie? Die Suid-Afrikaanse samelewing, Afrika met al sy probleme van ontwikkeling en die moderne wêreld met al sy strominge en konfrontasies van groot moondhede is die „melkweg” waarin ons ons saamwees moet uitwerk. Suid-Afrika is 'n dinamiese, ontwikkelende land met 'n pluralistiese samelewing waarin verskeie volke moet saamlewe. So 'n samelewing kan alleen tot sy reg kom as 'n gemeenskaplike waardestelsel aanvaar word en norme daargestel word wat regverdig van toepassing is op alle burgers en

volksgroepe. Dit het 'n politieke stelsel nodig waarin alle volke tot hulle reg kom en hulleself kan handhaaf tot die mate wat hulle in selfhandhawing geïnteresseerd is. Dit moet 'n ekonomiese stelsel daarstel en ontwikkel waarin elke volk 'n regmatige aandeel kan hê en bydrae kan maak. Dit moet 'n oop samelewing wees wat kontak tussen die verskillende volke bevorder sodat hulle mekaar kan leer verstaan en mekaar se kulturele skatte kan leer waardeer, terwyl hulle hul eie identiteit en eie kultuur handhaaf. Hierdie soort samelewing moet waak teen die polarisering van volke; dit moet bou op dit wat hulle in gemeen het en dit wat hulle verdeel op die agtergrond skuiwe. Dit moet die konflikte van die verlede omskep in geleenthede vir samewerking om historiese veronregting reg te stel en die kloue wat mense op politieke en ekonomiese gebiede van mekaar skei, oorbrug. Dit moet imperialisme, onderdrukking en uitbuiting van een volk teenoor die ander bestry. Dit moet positief werk aan die daarstelling van 'n samelewingsgemeenskap wat alle volke insluit en 'n nasionale identiteit skep wat nie bots met dié van enige van die volke nie.

SOSIALE BEWUSTHEID

Hoe kan die Afrikaner sy rol speel in so 'n samelewing en sy volk handhaaf? Dit bring ons by die kenmerke van die moderne Afrikaner. Ons bepaal ons hier by die Afrikaner, maar hierdie is eintlik kenmerke wat gekweek moet word in alle lede van so 'n samelewing, afgesien van die volk waaraan hulle behoort. Sonder om te probeer volledig wees, let ons kortliks op die volgende kenmerke: sosiale bewustheid, openheid, empatie, persoonlike verantwoordelikheid en vertroue. Hierdie kenmerke is nie volksvreemd by die Afrikaner nie, maar sluit aan by sy tradisionele kenmerke soos individualisme, regverdigheidsin, godsdienstsin en onafhanklikheidstrewen.

Sosiale Bewustheid: Die moderne Afrikaner moet 'n positiewe bewustheid hê van die samelewing en wêreld waarin hy lewe. Hy moet die geleenthede en gevare van die situasie nugter en realisties opsom en 'n begrip ontwikkel van sy rol en bydrae daarin. Hy moet die dinamika van 'n veelvolkige samelewing probeer verstaan deur 'n bewustheid van die ideale, aspirasies en

probleme van elke ander volk te ontwikkel. Hy moet bewus wees van die implikasies van beleide en van ontwikkelinge, nie net vir sy eie volk nie, maar vir alle volke, vir die samelewing as 'n geheel, asook vir die ongewing van die samelewing en sy natuurlike bronne. Hy moet die internasionale situasie probeer verstaan om in staat te wees om 'n ingeligte mening te hê oor buitelandse, asook binnelandse sake. Hy moet die werklikheid van die internasionale kommunistiese offensief begryp en homself vergewis van die soort maatskaplike toestande wat vrugbare teelaarde vir Kommunisme bied. Hy moet die kommunistiese ideologie en strategie bestudeer en homself verantwoord daarteenoor. Die dinamika van die moderne wêreld kan nie verstaan word sonder 'n deeglike kennis van die Kommunisme in sy verskillende vorme nie.

KOMMUNIKASIEKANALE OOP!

Vir hierdie sosiale bewustheid is hy afhanklik van onbelemmerde toegang tot informasie wat vereis dat die informasiekanale onafhanklik en vry en oop gehou moet word. Die moderne Afrikaner is 'n ingeligte mens wat nie kan bekostig dat hy geïndoktrineer word om die wêreld te sien en te verstaan deur die oogklappe van 'n noue en bevange ideologie wat sy informasiebronne beheer en verdraai nie. Hy moet hom verset teen die soort propaganda wat 'n mens op „Sake van die Dag” hoor, of in praatjies soos Van Jaarsveld se *Afrikaner Quo Vadis*, of in koerante wat deur politieke partye beheer word of altyd dieselfde party-politieke standpunt inneem. Hy moet die verbanning van boeke wat noodsaaklike inligting bevat, teenstaan. Hy moet ook bewus wees dat inligtingsbronne selde objektief is en homself blootstel aan verskillende bronne sodat hy 'n gebalanseerde perspektief kan verkry.

Om inligting te verkry en bewus te wees van die maatskaplike situasie waarin 'n mens jou bevind, is egter nie genoeg nie. Dit sou niks help as 'n mens jou mening reeds gevorm het en jou standpunt ingeneem het, voordat jy die inligting kry nie. Daarom moet die moderne Afrikaner ook gekenmerk wees deur *openheid*. Openheid beteken dat 'n mens bereid is om inligting te oorweeg en alle standpunte aan te hoor voordat jy tot 'n gevolgtrekking kom. Dit beteken dat jy in staat is om jou mening te verander as die inligting duidelik daarop dui dat jy nie alle aspekte van 'n saak in ag geneem het toe jy jou mening gevorm het nie. Die moderne Afrikaner het die kapasiteit om te verander en om verandering te aanvaar as sy inligting oor die situasie waarin hy hom bevind daarop dui dat sodanige verandering nodig is. Hy is ontvanklik vir nuwe idees en is bereid om hulle in nuwe dade te omskep. Hy besef dat die mens en die samelewing oop sisteme is wat in onafgebroke simbiose met 'n steeds veranderende omgewing lewe. Om jou toe te sluit vir hierdie veranderinge beteken stagnasie en dood, geestelik en andersins.

Vir hom is daar geen klaargekookte en ingelegde ant-

woorde op probleme nie. Hy moet betrokke wees en moet sêlf worstel met hierdie probleme. Wat gister goed was, werk nie noodwendig vandag nie en mag môre fataal verkeerd wees. Hierdie openheid kan 'n mens alleen handhaaf as jy selfvertroue het, en indien hierdie vermoëns doelbewus aangekweek word in die opvoedkundige instellings van die samelewing, sodat alle lede van die samelewing openheid en ontvanklikheid kan ontwikkel.

STEL JOUSELF IN SY PLEK ...

Die moderne Afrikaner moet ook in staat wees om homself in die plek van die ander man te stel. Hy moet 'n saak kan sien uit die oogpunt van die andersdenkende, van die lid van 'n ander volk of samelewing. Hy moet empaties wees of die vermoë van empatie hê, soos ons dit hier wil noem. Hy moet in staat kan wees om homself af te vra: Hoe sou ek gevoel het as ek gedwing sou word om my vrou en kinders in Outdts-hoorn te los as ek in die Kaap wou kom werk, 'n permit moes hê om dit te doen, 'n pas moes dra en summier in die tronk gestop sou word as ek my pas nie by my sou hê nie en op 'n trein gelaai sou word terug Outdts-hoorn toe, omdat my vel swart is. Hoe sou ek gevoel het as ek 'n opgevoede, gekultiveerde Afrikaner was wat gedigte skrywe wat deur die hoogste outoriteite geloof word, en verbied word om met my kultuurgenote om te gaan, omdat my vel bruin is? Hoe sou ek gevoel het as my belastingbydraes gebruik sou word om 'n elf miljoen rand kultuursentrum te bou en ek nie toegelaat word om dit te gebruik nie, omdat my vel bruin of swart is? Hoe sou ek gevoel het as ek aan die beste Afrikaanse universiteit wou gaan studeer omdat ek myself as 'n Afrikaner beskou, en ek verbied word, omdat my vel bruin of swart is? Hoe sou ek gevoel het om elke goddelike dag van my lewe in tekens vas te kyk wat my lewe bekamp en my en my kinders uitsluit van die beste geriewe en geleenthede wat die samelewing bied, omdat my vel bruin of swart is? Die moderne Afrikaner moet homself kan indink in die situasie en rol van ander volke en homself kan afvra: Sou ek so 'n lewe vir myself kon aanvaar en regverdig en op watter gronde? Sou ek daarmee genoë neem en indien nie, watter reg het ek om van enigiemand anders te verwag om dit te doen? Ons ken almal die antwoorde op hierdie vrae. Ons eie geskiedenis skreeu dit oor die bergtoppe van ons land vir almal om te hoor. Die moderne Afrikaner moet sy eie geskiedenis met sy strewe na vollke waardigheid en sy stryd vir vryheid en vir reg teen imperialistiese magte in ander volke kan projekteer en homself verantwoord teenoor daardie geskiedenis in sy optrede teenoor daardie volke. Ons geskiedenis het geweld geken. Ek staan nie geweld voor nie; ek keur dit as 'n middel tot beide onderdrukking en opstand ten sterkste af. Maar ons moet onself vergewis van die implikasies en gevolge van ons dade.

KERK OF PARTY MAG NIE VIR JOU BESLUIT

Die moderne Afrikaner is ook 'n *persoonlike verantwoordelike* mens. Hierdie kenmerk sluit aan by die individualisme en onafhanklikheidsin wat so dikwels opgehaal word in pogings om die tradisionele kenmerke van die Afrikaner te bepaal en ewe dikwels betreur word as faktore wat die eenheid van die volk bedreig. Maar met persoonlike verantwoordelikheid het ek meer as net dit in gedagte. Dit beteken die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid om te besluit wat my te doen staan in 'n situasie waar my sosiale bewustheid, my openheid teenoor en empatie met ander mense sekere gevolgtrekkinge op my afdwing. Dit beteken dat die moderne Afrikaner nie vir die Kerk of vir die Party of vir die Bond kan gaan vra wat hom te doene staan nie. Hy bekommer hom ook nie oor wat hierdie instansies van sy optrede sal dink nie. Hy kan ook nie sy persoonlike verantwoordelikheid ontduik deur 'n gerieflike versie in die Bybel te gaan opsoek om God sodoende by sy daad te betrek nie. Hy is 'n protestant wat die protestantse beginsel ernstig opneem en nie instellings met hulle historiese gebondenheid nie. Paul Tillich, die toeloop wat van Nazisme na Amerika gevlug het, stel die rol van die protestantse beginsel, só in *The Protestant Era*: Hy merk op dat oral in die Westerse wêreld mense geneig is om nie vir hulleself te dink nie:

These people do not want to decide things for themselves; they do not want to decide about their political beliefs, about their religion and morals. They are longing for a leader, for symbols, for ideas which would be beyond all criticism. They are longing for the possibility of enthusiasm, sacrifice, and self-subjection to collective ideas and activities. Autonomous thinking and acting is rejected as liberalistic and, consequently, as the cause of meaninglessness and despair in every realm of life. (p. 228).

Tillich beweer dat die protestantse beginsel totaal teenstrydig is met hierdie houding en ek stem heelhartig met hom saam. Dis die moeite werd om Tillich self hier aan die woord te laat:

The central principle of Protestantism is the doctrine of justification by grace alone, which means that no individual and no human group can claim a divine dignity for its moral achievements, for its sacramental power, for its sanctity, or for its doctrine. If, consciously or unconsciously, they make such a claim, Protestantism requires that they be challenged by the prophetic protest, which gives God alone absoluteness and sanctity and denies every claim of human pride. ... (This principle) implies that there cannot be a sacred system, ecclesiastical or political; that there cannot be a sacred hierarchy with absolute authority; and

that there cannot be truth in human minds which is divine truth itself. Consequently, the prophetic spirit must always criticise, attack and condemn sacred authorities, doctrines, and morals. And every genuine Protestant is called upon to bear personal responsibility for this. Each Protestant, each layman, each minister, has to decide for himself whether a doctrine is true or not, whether a prophet is a true or a false prophet, whether a power is demonic or divine. Even the Bible cannot liberate him from this responsibility, for the Bible is a subject of interpretation: there is no doctrine, no prophet, no priest, no power, which has not claimed biblical sanction for itself. For the Protestant, individual decision is inescapable. (p. 226).

'N VALSE GEBRUIK VAN DIE BYBEL

Ons beroem ons daarop dat ons 'n protestantse volk is. Wat het van die protestantse beginsel in ons godsdienstige lewe geword? Ons het dit in die kerk opgesluit en die spook van Calvyn as wag voor die deur gestel en as die beginsel sy kop uitsteek, dan slaan die predikant hom met die Bybel oor sy kop. Ons is almal bekend met die aanspraak wat ons volk op God maak en hoe ons kerk en meeste van ons dominees elke aspek van die rassebeleid met vers en kapittel uit die Bybel regverdig. Daar is geen beter voorbeeld hiervan as Treurnicht se *Op die Keper* nie. 'n Mens kan nie met die man redeneer nie, want hy beroep hom elke keer op die Skrif. Die enigste uitweg tot die onontwykbare persoonlike verantwoordelikheid wat jy as protestant het, is om die gesag van die kerk en die predikant te verwerp in soverre hierdie gesag nie met jou eie sin van verantwoordelikheid strook nie. Die gesag van die Bybel bestaan alleen in die persoonlike verantwoording van elke individu en ons moet, soos Tillich sê, alle ander aansprake op daardie gesag verwerp.

Die moderne Afrikaner moet selfstandig wees en volle verantwoordelikheid aanvaar vir sy daad as godsdienstige en morele mens. Sy sosiale bewustheid, sy openheid vir verskillende moontlikhede in sy werklikheidsituasie, sy empatie met die posisie van sy medemens, sal niks tot stand bring as die persoonlike verantwoordelikheid wat hy voel, weer uit die Bybel wegverklar en weggepreek kan word nie. Die moderne Afrikaner onderwerp alle vorme van tradisionele gesag aan hierdie beginsel en neem selfstandig sy eie besluite en aanvaar volle verantwoordelikheid daarvoor, hier en in die hiernamaals.

VERTROU MEDEMENS

Die moderne Afrikaner is 'n *vertrouende en betroubare* mens. Vertrou in jou medemens en in die same-

lewing is die sement wat die samelewing aanmekaar bind. Sonder vertroue sou 'n mens nie geld kon gebruik nie, want geld is niks werd as jy dit nie later vir iets wat jy kan gebruik, kan verruil nie. 'n Geldstelsel slaag alleen omdat daar 'n algemene vertroue is dat 'n mens waarde vir jou geld sal kry. En 'n moderne komplekse samelewing is 'n onmoontlikheid sonder geld. Daar is ander dinge in die moderne samelewing wat alleen op die basis van vertroue moontlik is. As iemand jou sy woord gee, vertrou jy dat hy dit sal hou en daarooreenkomstig sal handel. Beloftes wat nie nagekom word nie, ondermyn vertroue in iemand wat sy woord breek; hy word nie maklik weer vertrou nie. As jy iemand nie vertrou nie, laat jy hom nie toe om oor jou goed of jou lot te beskik nie. As 'n man sterker is as jy, moet 'n mens vertroue kan hê dat hy nie sy mag sal gebruik om jou onder te hou of te onderdruk nie. As 'n man sy mag een keer op dié wyse misbruik het, vertrou jy hom nie maklik weer nie. As jy met iemand ooreengekom het dat jy die spel volgens gemeenskaplik-aanvaarde reëls sal speel, en jy verbreek die reëls, sal hy nie weer maklik met jou saamspeel nie. As iemand die mag of gesag het om te verdeel of om reëls neer te lê, vertrou ons dat hy dit regverdig sal doen. As kinders iets onder mekaar moet verdeel, laat ons die een deel en die ander een kies. Sonder vertroue en betroubaarheid is 'n samelewing onmoontlik, en verbrokkel dit.

ONS DEEL EN HULLE KIES?

Die Afrikaner het vandag die hef in die hand in Suid-Afrika. Ons wil die land onder die verskillende bevolkingsgroepe verdeel. Is ons bereid om te verdeel en hulle te laat kies? Kan die ander volke ons vertrou? Vir vier-en-twintig jaar het ons die land regeer. Het ons dit só gedoen dat die ander bevolkingsgroepe, as hulle stemreg sou hê, weer die mag aan ons sou toevertrou? Bestaan die swart gevaar nie miskien hoofsaaklik daarin dat ons bevrees is dat, as hulle aan bewind sou kom, hulle ons sou behandel soos ons hulle behandel nie? Ons praat graag van voogdskap. Wat sou ons dink van 'n vader of 'n voog wat 'n voorbeeld stel aan 'n kind en dan die kind slaan as hy die voorbeeld navolg? Ons beroep ons daarop dat ons die waardes van die Westerse beskawing hier in Suid-Afrika moet handhaaf. Watter waardes? Het die res van die Westerse beskawing nie miskien ook iets te sê oor wat die waardes eintlik is nie? Is daar miskien 'n element van waarheid in hulle aantygings dat ons die basiese menslike waardes wat deur eeue van stryd gewen is, onder ons voete vertrap en juis daarom die Westerse beskawing ondergrawe, nie net hier nie, maar in die hele wêreld, tot so 'n mate dat hulle ons as 'n bedreiging vir wêreldvrede beskou nie? Wat van 'n waarde soos *godsdienstvryheid*? Ons het onlangs etlike godsdienstige leiers verban terwyl so iets ongekennd is in enige ander demokratiese Westerse land. En wat word van mense wat uit godsdienstige oortuiging nie militêre

diens wil doen nie? Wat van vryheid van spraak en beweging? In watter ander Westerse land word vryheid van spraak en beweging so arbitrêr en op so 'n groot skaal beperk as hier?

Wat van die gesag van die regbank en die burgerreg op 'n regverdige verhoor? In watter Westerse land word soveel mense so stelselmatig hierdie reg ontsê?

RESPEK EN VERTROUEN MOET HERWIN WORD

Kan ons werklik sê dat ons die waardes van die Westerse beskawing handhaaf, en kan mense ons vertrou as ons dit sê? Hoe kan ons weer die vertroue van die wêreld en dié van die ander volke van Suid-Afrika wen?

Daar is niks wat die Blanke se voortbestaan in hierdie land meer bedreig as hierdie krisis van vertroue nie. Die moderne Afrikaner moet hierdie krisis die hoof bied. Hy moet die vertroue van die wêreld en van die res van Suid-Afrika in sy regverdigheid en betroubaarheid herstel. Hy kan dit alleen doen deur daarop aan te dring dat wanneer mense aan bewind is, hulle regeer soos hulle graag regeer sal wil word wanneer hulle nie aan bewind is nie. Mense wat ander mense regeer op 'n manier waarop hulle nie self graag regeer wil word nie, staan nie graag die bewind af nie. As 'n mens eers die onderlinge vertroue in 'n samelewing ondermyn het, stuur jy maklik op 'n diktatuur af. Die moderne Afrikaner mag homself nie aan so 'n bewind oorgee, of dit ondersteun nie. Hy moet sy bewustheid, openheid, empatie, en persoonlike verantwoordelikheid só gebruik dat hy die vertroue van die ander volke kan wen en hulle kan vertrou, sodat die onderlinge vertroue waarsonder die Suid-Afrikaanse samelewing nie kan voortbestaan nie, opgebou en versterk kan word.

MOBILISASIE

Soos reeds opgemerk, hierdie kenmerke word nie daargestel as unieke kenmerke van die moderne Afrikaner nie; dit is slegs sommige van die eienskappe wat 'n mens moet aankweek om in 'n moderne samelewing te lewe. Dieselfde geld vir ander volke in die land. Daar is ander kenmerke wat ons sou moes insluit as ons volledig op die saak wou ingaan en tyd gehad het, soos byvoorbeeld die aanvaarding van algemeen menslike waardes, regverdigheid, verdraagsaamheid, en basiese menseregte; met ander woorde, die waardes van die Westerse beskawing wat ons so graag in Afrika wil handhaaf.

Hierdie kenmerke kom nie sommer outomaties tot stand nie, hoewel 'n mens verbaas sal wees hoe natuurlik dit vir mense is om dit aan te kweek as hulle net die geleentheid gegee word. Die geleentheid moet geskep word, daar moet georganiseer en gemobiliseer word om hierdie kenmerke by die Afrikaner te bevorder, veral omdat die bestaande Afrikaanse instellings en

organisasies hulle daarvoor beywer om die ontwikkeling van die moderne Afrikaner te vertraag en hierdie eienskappe by hom afstomp. Die pogings hoef nie tot die Afrikaner alleen beperk te word nie, want 'n mens wil eintlik hierdie eienskappe by alle bevolkingsgroepe aankweek. Daarom bied so 'n program dan ook die geleentheid vir kontak en samewerking met ander bevolkingsgroepe en stel gemeenskaplike doelstellings daar sodat, wanneer 'n mens kontak soek, dit nie maar net om kontak terwille van kontak gaan nie.

AFRIKANER IS UITGEWEKENE

Die moderne Afrikaner het in die verlede té dikwels weggedryf en 'n uitgewekene geword. Dit het die Afrikanersaak in die hande van die konserwatiewe organisasies gelaat sonder dat daar positiewe alternatiewe vir die moderne Afrikaner daargestel is. Die daarstelling van organisasies, mondstukke en programme wat sulke alternatiewe aan die moderne Afrikaner kan bied, het nou 'n noodsaaklikheid geword en moet met mening aangepak word.

Hoe kan hierdie mobilisasie aangepak word? Daar is reeds baie bemoedigende tekens en bewegings. Daar is die onmisbare tekens dat die stads-Afrikaner smag na die „ligte lig van die melkweg” en gereed is om gemobiliseer te word vir hierdie doel. Daar is die geweldige betekenisvolle ontwikkelinge aan ons universiteite en by die jeug in die algemeen. Ons dink hier aan die interessante bladje *Loog* van Potchefstroom wat in my dae nog Christelik-Nasionaal was, wasgoed ingesluit; aan SAAK op Stellenbosch en die pogings van die Studenteraad om kontak te maak met hulle medestudente van ander bevolkingsgroepe; aan die besluit van die Studenterade van die Afrikaanse universiteite om die A.S.B. te vervang met 'n organisasie wat onafhanklik van die Afrikanerkultus kan optree, en so meer. Die Afrikaanse student het 'n sentrale rol in die taak om die kunsmatige eenheid van die Afrikanerkultus op te breek, om ons universiteite te bevry van die volksbevangenheid waarin hulle verkeer, en om leiding aan die moderne Afrikaner te gee.

'N ONAFHANKLIKE KOERANT!

Maar daar moet ook 'n organisasie van moderne Afrikaners gestig word wat hom ten doel sal stel om die moderne Afrikaner te mobiliseer op alle lewens-terreine en om hierdie eienskappe stelselmatig by ons volksgenote en andere te kweek. 'n Hele reeks programme moet geloods word om hierdie doelstellings te bereik. Jeugbyeenkomste moet behou word om die huidige indoktrinasiëprogram aktief teen te werk. Ons opvoedkundige stelsel moet van bo tot onder bestudeer word en 'n opvoeding wat die opgroeiende geslag sal toerus vir die eise van die lewe in 'n veelvokige snelveranderende, moderne samelewing deur hierdie eienskappe stelselmatig te kweek, moet aktief bevorder word. Volwasse opvoedingsprogramme moet geloods

word om ons mense wat reeds in beroepe staan, te betrek. Daar moet te velde getrek word teen die kultus-propaganda wat aan ons oor die radio opgedis word. 'n Mens moet briewe skrywe aan die koerante en die eienskappe van die moderne Afrikaner en Suid-Afrikaner propageer, en die „verkrampde” en bekrompe standpunte aan die kaak stel. Daar moet geywer word vir 'n vrye en onafhanklike pers en vir vryheid van spraak, godsdiens, en gewete—waardes wat vandag ernstig bedreig word. 'n Nuwe onafhanklike koerant moet gestig word wat hom ten doel sal stel om betroubare inligting te verskaf, sosiale bewustheid, openheid, en empatie te bevorder en te velde te trek teen die gespletenheid in die samelewing en verdoeseling van die waarheid. Miskien kan menere Oppenheimer en Rupert saamspan om so 'n koerant te loods, solank hulle net sy onafhanklikheid waarborg. Daar moet nou reeds begin beplan word vir televisieprogramme wat hierdie kenmerke sal uitbeeld.

Ons hoor dikwels dat ons van binne moet werk en ons nie moet onttrek nie. Ek glo ook daarin; daarom het ek hierdie geleentheid gekies om te sê wat ek te sê het. Maar ons moenie toelaat dat die strategie om van binne te werk ons oneffektief maak nie. Laat ons binne begin met die besef dat die binnehof soms ondeurdringbaar is. Ons moet nie toelaat dat ons ontman word, die swye opgelê word of gedwarsboom word in belang van 'n kunsmatige eenheid wat ten alle koste behou moet word nie. Waar eenheid nie bestaan nie, is die erkenning van verdeeldheid die enigste eerbare uitweg.

KONFRONTEER BROEDERBOND!

Op politieke gebied moet gewerk word vir 'n nuwe bedeling. Die moderne Afrikaner kan hom nie laat kortwiek deur die etikette Nat en Sap nie. Hy moet hom binne sy party beywer vir hierdie eienskappe en as die party nie reageer nie, moet hy die party verlaat en by 'n ander een aansluit wat bereid is om hierdie eienskappe in sy platform, beleid en program in te bou. Op godsdienstige gebied moet hy sy persoonlike verantwoordelikheid teenoor die God wat hy ken in sy eie hart onbevrees aanvaar en die kerk konfronteer daarmee, veral die dominees. En as die kerk nie reageer nie, moet hy dit verlaat en sy eie heil op 'n ander weg soek. Duisende priesters en predikante en leke het dit reeds in ander Westerse lande gedoen omdat hulle die kerk onrelevant en selfs stremmend vind in die moderne samelewing. Waar 'n mens met 'n kerk te doen het wat nog nie in die twintigste eeu aangekom het nie, is dit soveel te meer noodsaaklik dat 'n mens hom moet agterlaat as hy homself nie wil vernuwe en hervorm nie. En ten laaste, die Broederbond moet in die openbaar aangeval word en lede wat bekend is, gekonfronteer word en tot verantwoording geroep word oor hulle rol in ons volkslewe. Die bewyslas is op hulle om ons te oortuig dat hulle geheime organisasie nie volksvreemd is nie, die eerlikheid en selfrespek van ons volk nie ondergrawe nie, en die vertrouwe van ander

